# Noah's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Van Wyk, L |
| Type: End of 3rd Term Assmt. | Moderator: Böhmer, MA |
| Date: 10 September 2019 | Grade: 7 |
| Marks: 82 Marks | Time: 1 hour 50 minutes |

Naam:

**Instruksies:**

Lees die vrae aandagtig deur voordat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sinskonstruksie.

Skryf netjies en leesbaar.

## Afdeling A : Lees en Kyk: Maradona

Diego Maradona is naby die stad Buenos Aires in Suid-Amerika gebore. Sy pa het in 'n fabriek gewerk. Hy het op nege-jarige ouderdom begin sokker speel. Hy was maar net 16 jaar oud toe hy vir Argentinië se nasionale span begin speel het. Daarna het hy in Spanje gaan sokker speel.

In 1984 is Diego Maradona van die Barcelona-sokkerklub in Spanje oorgeplaas na die Italiaanse sokkerklub, Napels.

Die sokkergeesdriftiges het Maradona soos 'n god behandel. Sy naam was op mure regdeur die stad geskryf. Sy foto was orals – in winkels, kafees en skole, op T-hemde, keppe, serpe en plakkate. Daar was dosyne artikels oor hom in die koerante.

In Napels kon 'n mens Maradona-toffielekkers, Maradona-pette, Maradona-hardloopskoene, Maradona-penne, Maradona-vuurhoutjies, Maradona-enige iets orals te koop kry.

Hy het omtrent 1000 pond per minuut verdien om sokker te speel. Hy het nog meer verdien deur die maak van advertensies en die gebruik van sy beeld om koeldrank te verkoop. Sy naam is ook gebruik om plaaslike voedsel soos kaas, pizzas en tamaties te verkoop. In daardie jare was Napels een van Italië se armste sokkerklubs, maar met Maradona daar, het tot soveel as 82 000 sokkergeesdriftiges die stadion volgepak om hulle held te sien sokker speel. Hy kon nêrens gaan sonder om herken te word nie. Hy het in 'n hotel gewoon. Hy kon nooit alleen êrens gaan nie. Hy was altyd omring deur veiligheidswagte. Maradona was oor en oor 'n miljoenêr, maar 'n gevangene van sy roem.

In 1986 was hy die kaptein van die Argentynse sokkerspan en het Argentinië gelei na 'n oorwinning in die Wêreldbeker. Hy was ook as die speler van die toernooi aangewys. Hoewel hy maar min vaardighede as afrigter gehad het, het hy in November 2008 afrigter van Argentinië se nasionale span geword tot na die afloop van die wêreldbeker in 2010, wat in Suid-Afrika plaasgevind het. (310 woorde)

1. Oor wie handel die artikel? (1)

______________________________________________

2. Aan watter sportsoort het hy deelgeneem? (1)

______________________________________________

3. Hoe oud was hy toe hy dit begin speel het? (1)

a) sestien b) nege c) twaalf

4. Noem drie belangrike dinge wat met hom gebeur het. (3)

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

5. Waar of onwaar: Daar het baie artikels oor hom in koerante verskyn. (1)

__________________

6. Noem drie lande waar Maradona gespeel het. (1)

__________________________________________________________

__________________________________________________________

7. Dink jy sy ouers was ryk? Motiveer jou antwoord? (2)

__________________________________________________________

__________________________________________________________

8. Waarom dink jy kon hy nooit alleen êrens gaan nie? Motiveer jou antwoord. (2)

__________________________________________________________

__________________________________________________________

9. Daar word gesê dat sokker geesdriftiges Maradona soos 'n god behandel het. Wat beteken dit? Verduidelik (2)

__________________________________________________________

__________________________________________________________

10. Was Maradona 'n goeie sokker-afrigter? Motiveer jou antwoord. (2)

__________________________________________________________

__________________________________________________________

11. Dink jy, hy het dit geniet om beroemd te wees? Hoekom sê jy so? (2)

__________________________________________________________

__________________________________________________________

12. Hoe sou jy daarvan hou om so beroemd te wees en so baie geld te verdien? Motiveer jou antwoord. (2)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________

_____ / 20 Punte (Afdeling A)

Afdeling B Taalstrukture en Konvensies

1. Skryf die antoniem van die onderstreepte woord neer. (1)

   a. Sy foto was orals. _________________________

2. Onderstreep die stamwoord van die afleidings. (2)

   a. plaaslike b. behandel

3. Skryf die volgende woorde wat in die artikel voorgekom het in die meervoud: (6)

   a. pen _______________________ b. T-hemp ______________________

   c. afrigter ______________________ d. artikel _______________________

   e. koerant ______________________ f. klub ________________________

4. Skryf die stam woord neer waaruit die samestelings bestaan.

   bv. tafedoek - doek (2)

   a. hardloopskoene _________________________

   b. toffielekker _________________________

5. Onderstreep die byvoeglike sinne in elk van die volgende: (2)

a. Die seun, wat beroemd is, speel sokker.

b. Die pa wat in 'n fabriek werk, doen sy beste.

6. Skryf die volgende sinne in verlede tyd. (2)

a. Hy speel sokker in Spanje.

_____________________________________________________

b. Hy is wêreld beroemd.

_____________________________________________________

7. Skryf die volgende sinne in teenwoordige tyd. (3)

a. Hy het in 'n hotel gewoon.

_____________________________________________________

b. Hy kon nêrens gaan nie.

_____________________________________________________

c. Hy was omring deur veiligheids wagte.

_____________________________________________________

8. Skryf die volgende sinne in lydende vorm. (4)

a. Diego Maradonna speel sokker.

_____________________________________________________

b. Hy help die Argentynse span.

_____________________________________________________

_____ / 22 Punte (Afdeling B)

## Afdeling C Skryf en Aanbied

Skryf 'n beskrywende opstel van 130 tot 180 woorde oor jou droom motor of jou doom huisie by die see.

of

'n Beskrywende opstel oor 'n vreemde plek wat jy gekuier het.

Beplanning

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

___________________________________________________________

----------------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------------

----------------------------------------------------------------------

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Gebruik van beskrywende taal. | 3 | |
| Skep 'n prentjie met woorde. | 2 | |
| Beplanning | 2 | |
| Verbeelding | 2 | |
| Skrywerk pas by onderwerp | 1 | |
| Hoeveelheid woorde | 2 | |
| Spelling (1/2) vir elke tweefoute | 5 | |
| Woordorde | 3 | |
| Totaal | 20 | |

## Afdeling D: Luister en Praat

### Ek het 'n huisie by die See

Rubriek

| | | |
|---|---|---|
| Oog kontak | 2 | |
| Hoorbaarheid | 3 | |
| Intonasie | 3 | |
| Ligaamstaal | 2 | |
| Tempo | 5 | |
| Woorde korrek uitgespreek | 5 | |
| Totaal | 20 | |

# Noah's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Van Wyk, L |
| Type: End of 3rd Term Assmt. | Moderator: Böhmer, MA |
| Date: 10 September 2019 | Grade: 7 |
| Marks: 82 Marks | Time: 1 hour 50 minutes |

Naam:

## Ek het 'n huisie by die see

Ek het 'n huisie by die see. Dis nag.
Ek hoor aaneen, aaneen die golwe slaan
teenaan die rots waarop my huisie staan
met al die oseaan se woeste krag.
Ek hoor die winde huil – 'n kreun, 'n klag
soos van verlore siele in hul nood
al dwalend, klagend, wat in graf en dood
geen rus kon vind nie, maar nog soek en smag.

My vuurtjie brand, my kersie gee sy lig.
Ek hoor dan maar hoe loei die storm daar buite,
en hoor hoe ruk die winde aan my ruite;
hier binne is dit veilig, warm en dig.
Kom nag, kom weer en wind, kom oseaan –
dit is 'n rots waarop my huisie staan.

*H.A. Fagan*